

Skriflesing: Mattheus 13:44-50

Teks: **Mattheus 13:47-49**

Sing- Ps. 98:3; Ps. 139:1,4; Ps. 89:4; Ps. 23:3; Ps. 116.... Ps. 146:3,4

Mattheus 13:44-50

Mat 13:44 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.

Mat 13:45 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek;

Mat 13:46 en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.

Mat 13:47 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring;

Mat 13:48 en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg.

Mat 13:49 So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei

Mat 13:50 en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Skriflesing: Mattheus 13:44-50

Teks: **Mattheus 13:47-49**

Sing- Ps. 98:3; Ps. 139:1,4; Ps. 89:4; Ps. 23:3; Ps. 116.... Ps. 146:3,4

Ons was die grootste deel van hierdie laaste kwartaal van die jaar met die

Koninkryksgelykenisse besig. Broeder en suster, sewe van die nege gelykenisse is reeds die kwartaal verkondig. Vandag dan die agtste gelykenis oor die visnet en met nabetragting sluit ons die gelykenisse oor die koninkryk af met die huisheer wat uit sy skat ou en ook splinternuwe dinge na vore gebring het.

Dit is belangrik dat ons sal vashou aan die logiese gang van denke wat organies deur al nege die gelykenisse vloei en hulle aanmekaar verbind. Die eerste was die gelykenis van die saaiër, wat eerste moet staan want die saad van God se Woord moet oral en deur al die eeue gesaai word. Langs die pad, op die rotse, tussen die onkruid, maar is daar ook groei grond met dankbare vrug. Die tweede was die saad wat ons gesien het daar outomatiese krag binne die saadjie sit. Die boer wat die saad gesaai het, kan nie maak dat die saad groei nie. Die saad spruit uit en word groot- vanself, outomaties... watter voorreg om te mag weet in die koninkryk van God is daar die binne krag wat voluit lewe wat sonder ons gebeur. Dit groei sonder ons, dit is wat die koninkryk ons altyd mee moet beïndruk. Die derde was die onindrukwekkende bose wat in die nag sy onkruid gesaai het, in dieselfde land, tussen dieselfde koring maar was die opdrag duidelik laat die onkruid maar eers op die land bly. Moet nie dadelik die onkruid wil uittrek nie, want dan gaan die koring saam uitgetrek word. (Vandag se gelykenis oor die visnet sluit op 'n manier direk hierby aan...)

Die vierde gelykenis was steeds in die plantewêreld met die mosterdsaadjie wat in verhouding met sy klein saadjie 'n besondere groot boom kan word. Ons kan dit sien as dat dit buite proporsie grootword. Ja, die koninkryk wat ons ken is aan die groei, die christendom groei, dit vind hand aan hand met die koninkryk plaas. Tog het die eerste gelykenis van die saaiër al gepraat van voëls wat eenvoudig die saadjies wat langs die pad geval het kom oppik. Daar het van daardie saadjies niks gekom nie. Jesus het duidelik gesê dat die voëls dui op die bese wat kom *roof wat in die hart gesaai is*. By die mosterdboom vind ons ongelukkig weer dieselfde voëls. As die mosterdboom groter word, dit word 'n indrukwekkende boom dan kom die voëls en maak neste in die takke. In die christendom met die vertakkinge is daar ongelukkig ook weer allerhande valse leringe, dwalinge en afwykinge. Dinge wat in die christendom kom nesmaak wat daar nie moes gewees het nie. Voëls wat die bese saamdra soos met die eerste gelykenis.

Die vyfde gelykenis het die suurdeeg in drie mates meel ingewerk (Matt.13:33). Ja, hierdie drie mates waarin die suurdeeg inwerk dui sekerlik die eerste mate op die tyd van die Ou Testament. Al die tekens en wonders, offers en feeste, dit voordat Jesus mens geword het, maar die volle mate van die Ou Testament moet in Christus gesien word, al was Hy nog nie mens nie. Die tweede mate dui toe Jesus op aarde was. Hy is as mens gebore. Johannes die Doper verkondig hierdie tweede mate as die tyd om ons te bekeer want die koninkryk het naby gekom. Christus het kragtig opgetree, met woorde, met wonders ja o.a. dit wat hierdie 9 gelykenisse bevat is alles deel van die tweede mate meel. Die derde mate meel wys op die derde bedeling, wat met die uitstorting van die Heilige Gees begin het. Ons leef in hierdie bedeling as deel van die derde mate, dit wat ons moet aanspoor is die vuur van die Heilige Gees wat ons oortuig dat die koninkryk van God nou binne-in ons is. Baie keer dan praat Paulus ook van Christus in ons en ons in Christus. Dit is wat die suurdeeg van die vrou in die derde mate beteken.

Ja, in die derde bedeling het ons natuurlik nog weer drie groeperinge binne die derde bedeling. Weer drie mate suurdeeg binne dieselfde meel. Die Rooms-Katolieke, die Oosters ortodokse en die Protestantisme. Elk vorm 'n soort van eie tipe suurdeeg in die meel van die Koninkryk, waarvan die vrou wat baie keer die verleidinge voorstel simbolies dui op slegte suurdeeg wat in die goeie meel ingekom het, die hele meel deursuur. Dit ook in drie mates. Roomse, Oosterse en selfs protestantse dwalinge...

Die sesde gelykenis was die skat in die land. 'n Skat wat verborge was wat 'n man onverwags oop ploeg wat hy dan onmiddellik weer toemaak om die hele land te koop. Daardie skat wat moontlik op 'n deel van Israel dui, die oorblyfsel van Israel, wat die Here gesorg het daar 'n skat uit Israel moet wees waaruit die Messias gebore sal moet word. Dit wat die Messias aan die kruis kom doen het, is waarlik die skat van God se geregtigheid wat Hy vir ons kom opmaak het, Christus het God se geregtigheid vir ons verwerf. Dit uit Israel wat soos 'n skat in die wêreld lê. Wêreldmoondhede wat van Israel nie loskom nie, dit is nog altyd aan die gang.... Die man koop die land waar die skat is, maar dan het hy nog net die land, nie noodwendig die skat nie. Dit laat ons wonder...

Die sewende gelykenis was die koopman wat mooi pêrels gesoek het, op die einde kry hy 'n baie kosbare pêrel en koop dit.... Die skat in die land wat dui op 'n oorblyfsel van Israel, soos 'n skat weggelê, die pêrels van die see wat wys op die volke oor die hele wêreld wat nie Israëliete is nie maar hulle deel in God se koninkryk. Jode is die skat in die land en dan in besonderheidene wat tot bekering kom word soos pêrels die koninkryk van God ingelyf.

Gewoonlik as daar van die see sprake is dan dui dit op meer volke, al die volke van die wêreld, pêrels kom uit die see uit, God se kinders is soos pêrels vir Hom van alle wêreldoorde... Die pêrel vat eintlik dinge vir die heidendom wat tot geloof gekom het mooi saam. Dit wat as vuil sandkorrel begin, dit val op die oester en met geleidelike aanwas dan bedek die oester daardie vuile grond en sandkorrel en stelselmatig word die sandkorrel in die aangroei en chemiese werking van die oester daarop, word dit wat 'n vuil spinsel van sand en grond was, word dit 'n pragtige kosbare pêrel. Die heidendom uit die vuile wêreld wat in die bloed van Christus bedek is wat vir God word dit wat hy as kosbaar in Christus sien, sy pêrels! By die skatte en pêrels van God se koninkryk het ons te doen met die kosbaarheid van die koninkryk. Geld kan dit nie koop nie. Tog is dit wonderlik om die koninkryk te ontdek, maak dit 'n geloof belegging,

Direk na die gelykenis van die pêrel dan is vandag se gelykenis steeds vanuit die see besig. Met alle volke, alle tale, alle nasies. Dikwels dien die see as simbool wat wêreldse dinge omvat. Daniel sien vier diere wat uit die see opkom (Dan 7) en daarmee staan Openbaring 13 direk in verband waar die dier uit die see opkom waar dit juis gaan oor elke stam en taal en nasie. Hierdie see en hierdie net is egter nie met pêrels oorlaai nie. Nee, dit is 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring.

Broeder en suster met hierdie voorlaaste gelykenis wat direk op die Koninkryk van God dui het ons 'n baie groot net. Dit was hoe hulle baie keer daar in die see van Galilea visgevang het. So 'n dragnet (sleepnet) is aan sy onderkant met loodgewigte vasgemaak dat dit kan afsak en die boonste soom bevat kurk stukke dat dit kan dryf...wanneer dit in die see uitgeplaas word, vorm dit daadwerklik 'n net-gordyn, wat van bo tot aan die oppervlak strek. Aan sy boonste vêr ente het mense met bote dit stelselmatig vanuit die diepsee na die land begin sleep wat natuurlik alles wat voor die net is en wat nie deur die gate van die net kan gaan nie, opgevang het. Aan die heel vlak kant dan beweeg die bote nader na mekaar en alles wat dan daarbinne opgevang is word as't ware daarbinne toegevou. Dit kan nie uit nie...

Waar die gelykenis van die onkruid tussen die koring toegelaat was om te groei en daar geen toestemming was om die onkruid voor die tyd uit te trek nie, so het ons hier ook vis en allerhande see gediertes, skulpe, dink jou in wat daar in die see kan wees, dit wat goed is, dit wat sleg is, alles word in die net opgevang. Terwyl die net nog in die see is vind daar geen skeiding plaas nie.

Ons wat as kerk vandag rondom die gelykenisse maar veral dan hierdie gelykenisse van die net met baie visse Nagmaal gaan vier besef die unieke voorreg wat ons het. Weet u wanneer daar na christelike simbole verwys word dan is natuurlik die simbool van die brood en die beker baie bekend. Dit is wat by Nagmaal ook voor ons is. Die beker, die brood. Tog is die simbool van die vis, al het die Here nie die direkte sakramentele betekenis daaraan gegee soos met brood en wyn nie, is die vis dit wat ons in die gelykenis opvang nie geïsoleerd nie. Die Here het o.a. die vis gebruik om in besonder sy kinders te voed. Vyf brode en twee vissies. Daar noem die Here Self die brood van die lewe is brood wat uit die hemel neergedaal het. Die vis word nie so genoem nie, maar tog is dit simbool van waarmee mense gevoed word. Iets van die ewige voeding, wat die brood by die Nagmaal wel afbeeld.

Later sien ons ook in die antieke kuns hoe die kerk gesien word as 'n klein vissers- bootjie in die groot see. Daar sit baie daarin, ook is daar met opgrawings gesien die vroeëre kerk het baie keer op hulle doopbakke afgebeeld 'n vis. Dit gryp mens nogal aan want die doop met water is natuurlik voorop, maar jy kan jou eintlik ook nie 'n vis na behore voorstel sonder water nie. Wie gedoop word, word soos 'n vis in die ware sin in sy lewenselement

oorgebring, die gedoopte ontvang 'n ander lewensfeer as die wêreld en dit deur water heen, dit deur die doop heen.

Waarom Jesus hierdie gelykenis ook rondom vis laat saamtrek is waar dit om die saamtrek van baie dinge gaan. Ja, Jesus het sy dissipels uit hoofsaaklik vissers-agtergrond gaan haal, dit is seker een rede, die dissipels ken die vissersbedryf so goed. Al was Nasaret die dorp van Jesus se jeugjare nie direkte vissersdorp nie, was Hy baie keer in die omtrek van die see van Tiberias en woon hy lang tye in Kapernaum, in die hartjie van 'n vissersbevolking. Ja, die sandstrook wat tussen Magdala en Bethsaida strek, wat Kapernaum ook insluit is maar een van min lekker sandplekke aan daardie kuststroke. Daar was Jesus baie lief om met sy dissipels aan die kus te stap en was hierdie kus geliefd vir die baie duisende mense wat hoorders was van die ewige woorde van onse Here. Die 2de tot die 5de gelykenis was vertel waar duisende mense aan die strand gestaan het. So is die gelykenis van die saad wat self groei en die onkruid en die mosterdsaad en suurdeeg vertel van hoe die mens op die straat, ja die mens op die strand die koninkryk sien. Die publieke oor, dit word voor 'n groot deel van die Israelse publiek vertel.

Daarna dan is dit asof Jesus nou terugstaan. Hy is nie nou meer op die strand nie, sy hoorders is nou net sy dissipels. Gelykenis 6-8 is nie vir die straat bedoel nie, maar vir die kerk van daardie tyd, in besonder soos sy dissipels dit moet sien. Dit word waarskynlik in die binnekring van 'n huis vertel, want die kosbaarhede van die koninkryk is nie vir die wêreld om mee te mors nie, maar dit moet vir die kerk kosbaar wees. Die skat in die land, die kosbare pêrel, dit wat daarbinne verskuil lê, dit vertel van hemelse rykdomme, heilige rykdomme waarmee mense versigtig mee moet omgaan. Dit is nie vir almal om dit te verstaan nie. Die interne, die geheime aspekte van God se koninkryk, sal nie voor die wêreldse mens afspeel nie, maar die ware kerkmens sien en glo dinge anders as die wêreldling. Die goddelike raadskamer word nooit maar net oopgegooi nie. Hierbinne verstaan die kerk die rykdom van Nagmaal.

Hierbinne speel ook die agtste gelykenis af. Merkwaaardig dat ons eintlik 'n direkte oorgang sien. Waar Jesus by die skat en die pêrel, die enkeling, die individu, hoofsaaklik een mens op 'n slag in die rykdom betrek, is gelykenis 8 bedoel om die hele verdere verloop van die Christendom aan te dui. Daar was net een Perel koper, Hy wat alles doen rondom die pêrel, ja daar kan net Een wees wat hierdie kosbare kan koop en Hy is Jesus Christus, maar nou

wat sy werk gedoen is, nou betrek Hy sy hele kerk. Sy koninkryk word iets vir baie gelowiges. Sy dissipels is die manne wat daardie net deur die see van mense sal moet gaan trek. Hierin werk Jesus nie alleen nie. Hier wil Hy sy kerk gebruik. Selfs as die net op die land uitgetrek moet word, dan is dit meervoud wat werk. Jesus sê *as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit...* Dit is die eerste keer in al die gelykenisse wat die woord HULLE staan...

En wanneer ons die gelykenis hier afsluit dan is die verdere verklaring reguit, duidelik, op die man af. Die sigbare kerk wat te doen kry met die hele wêreld, die see van mense het 'n net om te hanteer. Daarbinne vang die kerk mense van alle soorte op. Dit staan op dieselfde lyn as die land waarbinne koring en onkruid sal groei. Soos die land gemeng staan, is die net ook gemeng, slegtes en goeies. Die ware toets vir die Nagmaalganger is nie om te wil glo, ja ek is in die net opgevang, dit is goed genoeg as ek deel van die sigbare kerk is nie, maar dit gaan nie om in die net te wees nie, dit gaan om in Christus te wees. Wat in die net is, is nie noodwendig in Christus nie. Christus sal oordeel, sy engele weet om die geregverdigdes van die res af te skei.

AMEN